REëLS EN REGULASIES TEN OPSIGTE VAN DIE PARKERING

VAN KARAVANE BY GROOTDRAAIDAM

==========

ZONE A

Van die paaltjies af tot 20 meter van die waterfront af. As jy hier kamp mag jy 'n MAXIMUM VAN 6 WEKE kamp. Jy moet ten alle tye by die woonwa wees. Wanneer jy huistoe gaan moet die woonwa saamgaan.

==========

ZONE B

Parkering 20 meter agter Zone A tot teen die pad. Jy mag 'n MAXIMUM VAN 6 WEKE kamp. Jy mag jou woonwa daar laat staan as jy naweke kom kamp. Na 6 weke moet die woonwa verwyder word.

==========

ZONE C

Agter die badkamers, SLEGS PARKERING vir die woonwa. Jy mag hier geen tent opslaan of krag trek vir die woonwa

==========

VEILIGHEIDSREëLS EN REGULASIES TEN OPSIGTE VAN WATERVAARTUIE EN/OF GERIEWE BY DIE STANDERTON HENGEL-EN BOOTKLUB TE GROOTDRAAIDAM

1. Geen persoon onder die invloed van bedwelmende drank of middels mag 'n kragboot bestuur of in beheer daarvan wees of skiërs sleep nie.
2. Geen watervaartuig sal op die dam toegelaat word indien die skipper nie oor die nodige lisensie beskik nie.
3. Geen watervaartuie sal op die dam toegelaat word indien hulle nie die nodige watervaardigheidtoets geslaag het, en oor voormelde toets sertifikaat beskik, soos deur die wet bepaal.
4. Geen bote word by Bootklub toegelaat as hulle nie met die volgende toegerus is nie -

- Skipper (moet in besit wees van nodige skipperslisensie)
- Bootnommer / Toets sertifikaat (COF)
- Mediese tas
- Brandblusser
- Minstens twee roeispane vir bote met een motor;
- 'n rooi vlag;
- 'n geskikte grootte anker met 30meter tou;
- 'n geskikte gegalvaniseerde emmer.

5. Alle persone op bewegende vaartuie onder die ouderdom van 16 jaar moet reddingsbaadjies dra.
6. Geen boot word op Grootdraaidam tussen sononder en sonop toegelaat, tensy so 'n boot toegerus is en beskik oor die nodige navigasie en nagligte.
7. Indien 'n persoon uit die water opgepik word, moet die enjin van die boot in neutraal gebring word en 'n rooi vlag moet vertoon word totdat die proses voltooi is.
8. Bote moet antikloksgewys vaar dws altyd links om.
9. Motoraangedrewe bote moet voorkeur aan nie-motoraangedrewe bote verleen.
10. Indien u 'n ander boot van voor ontmoet – HOU REGS.
11. Alle watervaartuie moet net deur skippers hanteer word.
12. Geen kragboot mag nader as 10 meter van 'n persoon in die water verbyvaar nie.
13. Geen persoon mag op die voordek (boeg) of sydek van 'n boot sit of staan terwyl die vaartuig in beweging is nie.
14. Geen persoon mag 'n vaartuig so hanteer dat dit 'n gevaar of 'n risiko vir ander persone of vaartuie inhou nie.
15. Geen persoon mag 'n vaartuig verlaat terwyl dit in beweging is nie.
16. Alle bote moet te alle tye minstens 'n afstand van 100 meter vanaf 'n hengelaar handhaaf.
17. Die eienaar van 'n boot of die persoon in beheer daarvan is vir die hantering van die boot en die gedrag van alle persone op die boot verantwoordelik.
18. Alle bote moet vanaf die goedgekeur twee lanseergebiede (slipways) vir bote te water gelaat word.
19. Die afgebakende gebied soos deur Waterwese (Standerton) bepaal, vorm die bootklubarea.
20. Die afgebakende gebiede soos aangedui (hengel -en bootareas) moet streng deur almal dws bote, oewerhengelaars, skiërs en seilplankryers eerbiedig en nagekom word.

21. Die Fauna en Flora by die Grootdraaidam moet eerbiedig en bewaar word.
22. Alle reëls en regulasies moet stiptelik nagekom word.
23. Boetes word deur SAP Watervleuel uitgereik.

REëLS TEN OPSIGTE VAN WATERSKI-SPORT

Die Nasionale reëls vir die waterski-sport moet streng nagekom word wat ter insae by die klubhuis van die Standerton Hengel & Bootklub beskikbaar is.

1. Alle skiërs moet te alle tye reddingsbaadjies dra.
2. Onder geen omstandighede mag 'n boot 'n skiër se golf volg nie.
3. Sodra 'n skiër afgelaai is moet die sleepboot se skipper die ski-tou intrek.
4. Geen skiër mag persone op die wal natspat nie.
5. Ski-handseine moet volledig aan skiërs verduidelik word.
6. Skiërs moet so naby en veilig moontlik aan die oewer afgegooi word.
7. Alle bote wat skiërs trek, moet anti-kloksgewys vaar, dws altyd links om.
8. Geen boot mag 'n skiër so sleep dat dit 'n gevaar of 'n risiko vir homself of enigiemand anders inhou nie.

GEBRUIK VAN LANSEERAREA, DRYWENDE KAAI EN WATER

1. Alle kragbote moet vanaf die twee lanseerhelling by die goedgekeurde gebied vir bote te water gelaat word.
2. Die eienaar of bestuurder van 'n boot is onderworpe aan die reëls en regulasies soos neergelê deur die Standerton Hengel & Bootklub. Die watervleuel van die SAP sal ook ingeroep word om ondersteuning te gee met die uitoefening van alle reëls en regulasies soos neergelê.
3. Veiligheidsmaatreëls moet te alle tye nagekom word, en indien 'n persoon hom/haar skuldig aan besoedeling, vandalisme of wangedrag sou skuldig maak, sal daar streng teenoor sodanige persoon opgetree word.

Hierdie reëls en regulasies is daargestel deur Standerton Hengel & Bootklub vir die beveiliging van mense en sodat hulle hul sport kan geniet. Verontagsaming hiervan kan tot onmiddellike skorsing asook verdere dissiplinêre optrede lei soos die bestuur by ondersoek mag vind.
Hiermee versoek ons u dus vriendelik om ons te ondersteun in die uitoefening van al bogenoemde reëls, en indien enige klubbeampte, veiligheidsbeampte of lid van die watervleuel van die SAP u tot orde roep u sodanig u vriendelike samewerking sal gee.

WATERVAARTUIG EIENAARS WAT BOETES OPGELê WORD IS VERANTWOORDELIK VIR HULLE EIE KOSTES.

DIE BOOTKLUB EN/OF VEILIGHEIDSBEAMPTES VAN DIE BOOTKLUB SAL NIE AANSPREEKLIKHEID AANVAAR VIR ENIGE NALATIGHEID OF FINANSIëLE VERLIESTE EN/OF BOETES DEUR LEDE AANGEGAAN NIE EN VRYWAAR HOM DAARVAN.